

Hoofstuk van die dag: Genesis 46

> *Israel en almal by hom het vertrek. Hy het by Berseba gekom en daar ’n offer gebring aan die God van sy pa Isak. (vers 1)*

God het vir Abraham twee goed belowe: Hy sal vir hom ’n eie land gee, en ’n groot nageslag (Gen 12:1-3). Vir Abraham en

Isak was ’n groot nageslag die belangrikste kwessie, want Sarai en Rebekka het albei gesukkel om swanger te raak. Jakob het nie dié probleem gehad nie. Met sy eie oë het hy gesien hoe die belofte van ’n groot nageslag waar word, soos Gen 46 ook vertel.

Jakob se groot stryd was dus nie die nageslag nie, maar die land. Twee maal in sy lewe moes hy die beloofde land verlaat; die eerste keer toe hy vir Esau moes vlug, en nou omdat die droogte hom Egipte toe gedryf het. En elke keer ontmoet God hom op die grens van die beloofde land: by Bet-El in die droom (Gen 28), by Maganajim en die Jabbokdrif (Gen 32), en nou by Berseba.

Hierdie keer is dit egter Jakob wat uit sy eie vir God raadpleeg voordat hy die land verlaat. Hy het met die jare gegroei in sy verhouding met God. En jy?

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026